2018/06/11
08:52 AM

# Graan SA Weeklikse Oliesade Mark Kommentaar

| | DATUM 2018/06/11 | DATUM 2018/06/08 | | | + - WEEK GELEDE 2018/06/04 | | + - MAAND GELEDE 2018/05/14 | | + - JAAR GELEDE 2017/06/12 | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | *Data* | Δ | Δ% | *Data* | Δ% | *Data* | Δ% | *Data* | Δ% | *Data* |
| Brent ($/b) | 76.33 | -1.11 | -1.4% | 77.44 | -0.2% | 76.47 | -0.5% | 76.71 | 57.4% | 48.49 |
| US$: ? ZAR | 13.01 | -0.170 | -1.3% | 13.18 | 3.0% | 12.63 | 6.2% | 12.25 | 1.7% | 12.79 |
| ΔCBOT 8vm : 12nm* | R 1 933.98 | -18 | -0.9% | R 1 951.98 | * CBOT Jul cents / bushel + -08 : 00 today vs CBOT Corn Jul + -12 : 00 the previous day | | | | | |
| ΔCBOT 8vm : 12nm* | R 2 485.79 | -64 | -2.5% | R 2 550.23 | *CBOT Jul cents / bushel + -08:00 today vs. CBOT Wheat Jul + -12 : 00 the previous day | | | | | |
| ΔCBOT 8vm : 12nm* | R 4 633.12 | -85 | -1.8% | R 4 717.88 | * CBOT Jul cents / bushel + -08 : 00 today vs. CBOT Soy Jul + -12 : 00 the previous day | | | | | |
| Jongste CBOT pryse tydens oornagverhandeling (Aangeteken tussen 06:00 - 07:00 vm teenoor 12:00 vm die vorige verhandelingsdag) | | | | | | | | | | |
| Corn Jul '18 | 377.60 | 1.40 | 0.4% | 376.20 | -5% | 396.00 | -5% | 396.50 | -9% | 415.50 |
| Wheat Jul '18 | 520.00 | -6.60 | -1.3% | 526.60 | 0% | 522.00 | 6% | 491.00 | 2% | 509.00 |
| Soybean Jul '18 | 969.20 | -5.00 | -0.5% | 974.20 | -5% | 1021.40 | -4% | 1013.00 | 1% | 962.00 |
| Jongste MTM-pryse (Aangeteken om 12:00 die vorige verhandelingsdag SPOT = naaste kontrakmaand (Rand/ton) | | | | | | | | | | |
| SORGHUM Jul '18 | 3070.00 | 0 | 0.0% | 3070.00 | 2.0% | 3010.00 | -1.1% | 3103.00 | | NA |
| WMAZ SPOT | 2084.00 | 12 | 0.6% | 2072.00 | -1.8% | 2123.00 | 1.9% | 2046.00 | 18.9% | 1753 |
| WMAZ Jul '18 | 2094.00 | 16 | 0.8% | 2078.00 | -2.1% | 2139.00 | 0.9% | 2076.00 | 2.6% | 2041 |
| YMAZ SPOT | 2177.00 | 13 | 0.6% | 2164.00 | -1.8% | 2217.00 | 1.4% | 2147.00 | 15.8% | 1880 |
| YMAZ Jul '18 | 2204.00 | 15 | 0.7% | 2189.00 | -2.0% | 2248.00 | 1.1% | 2181.00 | 2.5% | 2150 |
| SOY 50 SPOT | 4427.00 | 5 | 0.1% | 4422.00 | -1.3% | 4486.00 | -0.8% | 4461.00 | -2.3% | 4531 |
| SOY Jul '18 | 4478.00 | 8 | 0.2% | 4470.00 | -1.5% | 4545.00 | -1.2% | 4534.00 | -2.0% | 4571 |
| SUN SPOT | 4656.00 | 53 | 1.2% | 4603.00 | 0.9% | 4615.00 | 2.1% | 4562.00 | 3.1% | 4517 |
| SUN Jul '18 | 4683.00 | 53 | 1.1% | 4630.00 | 0.3% | 4670.00 | 0.6% | 4655.00 | 2.4% | 4573 |
| WHEAT Spot | 3848.00 | 28 | 0.7% | 3820.00 | 1.1% | 3808.00 | -1.0% | 3887.00 | -14.8% | 4516 |
| WHEAT Jul '18 | 3909.00 | 38 | 1.0% | 3871.00 | 0.9% | 3875.00 | -0.7% | 3935.00 | -12.9% | 4486 |
| OLIESADE (US$/ton) | 2018/06/08 | Bron: Oilworld | | | 2018/06/01 | | 2017/11/13 | | 2016/12/12 | |
| Soya-oil, Arg. | 680 | | | | -1% | 690 | -12% | 769 | 1% | 676 |
| Soya-pell, Arg. | 398 | | | | -5% | 417 | 17% | 339 | 8% | 368 |
| Soybean, Brazil | 425 | | | | -2% | 434 | 4% | 410 | 4% | 410 |
| USA Runner 40/50 | 1360 | | | | -1% | 1380 | -15% | 1600 | 5% | 1300 |
| Sun-oil, Arg. | 720 | | | | -1% | 730 | -5% | 755 | -10% | 800 |
| Sun-oil, Black Sea | 735 | | | | -2% | 750 | -2% | 750 | -2% | 750 |
| Sunseed,Black Sea | 390 | | | | -1% | 393 | -3% | 400 | -5% | 409 |
| Rapeseed, EU cif | 414 | | | | 0% | 415 | -3% | 425 | 4% | 399 |
| Palmk oil Mal, EU | 840 | | | | -4% | 875 | -43% | 1470 | -19% | 1037 |

JONGSTE MARK INLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY VAN VERSKEIE MARKVERSLAE

**Sojabone:** Die Amerikaanse sojaboon mark het verlede week hoofsaaklik onder druk gekom en het laer verhandel vir die week hoofsaaklik as gevolg van goeie produksie toestande in die VSA en ook verdere bekommernisse rakende die handel dispute tussen die VSA en Sjina. Die Amerikaanse uitvoere na Sjina het aansienlik gedaal die afgelope paar maande en Sjina voer hoofsaaklik sojabone vanaf Brasilië af in. Hierdie tendens behoort voort te gaan tot ten minste September toe voordat die Brasiliaanse mark nie meer aan hulle behoeftes kan voorsien nie en dan sal hulle genoodsaak wees om weer terug Amerikaanse sojabone in te voer. Gedurende Mei het die sojaboon uitvoere vanaf die 5 grootste uitvoerlande toegeneem met ongeveer 1.7 miljoen ton vanaf 'n jaar gelede. Die laer sojaboon voorrade in Argentinië, Uruguay en Paraguay verhoog die afhanklikheid van Brasiliaanse en Amerikaanse sojabone om aan die wêreld vraag te voorsien in die komende paar maande. Die Brasiliaanse sojaboon uitvoere het gedurende Mei 'n nuwe rekord bereik ten spyte van die vragmotor staking wat die einde van die maand plaasgevind het hoofsaaklik as gevolg van die groot hoeveelheid uitvoere wat na Sjina verskeep is. In die VSA het die verwerking van sojabone in die eerste 4 maande van 2018 sterk groei getoon wat 'n goeie aanduiding is van die toename wêreld vraag na sojaboonmeel. Die laer sojaboon produksie in Argentinië, wat die grootste uitvoerder van sojaboon meel is, het die sojaboon meel produksie daar laat daal wat die wêreld fokus vir invoere meer na ander lande verskuif het. **Plaaslik:** Die plaaslike sojaboonmark het verlede week hoofsaaklik gemeng verhandel maar het die week laer afgesluit Vrydag as waarteen dit Maandag geopen het. Verlede week was 'n moeilike week vir die wisselkoers en dit was baie volatiel gewees wat 'n impak op die plaaslike graan en oliesaad pryse gehad het.

**Sonneblomsaad:** Die verwagting in die Oekraïne is dat die sonneblomsaad aanplantings vir die volgende seisoen eerder geprioritiseer sal word in plaas van sojabone aangesien die moontlikheid van laer plaashek pryse as gevolg van die veranderinge in BTW terugbetalings van sojaboon uitvoere. Die sal veroorsaak dat daar meer sonneblomme in die Oekraïne aangeplant word wat reeds tans 'n groot sonneblomsaad produserende land is. Die sonneblom meel en olie uitvoere vanaf die Oekraïne het gedurende Mei, maand op maand en jaar op jaar gedaal nadat die gedurende April naby aan die rekord vlakke was. Die groot uitvoere gedurende April het die voorraadvlakke laat verlaag wat gelei het tot laer uitvoere gedurende Mei. **Plaaslik:** Die plaaslike sonneblomsaad mark het verlede week ook gemeng verhandel, maar het hoofsaaklik ondersteuning gevind deur die week om Vrydag sterker af te sluit as waarteen dit Maandag geopen het.

**Kanola:** Die kanola olie en oliekoek uitvoere vanaf Kanada het gedurende April 'n nuwe hoogtepunt bereik hoofsaaklik as gevolg van die sterk vraag na hierdie produkte in Sjina. Daar was ook 'n groter vraag in Sjina na kanola wat hoofsaaklik vanaf Kanada verskeep was wat die kanola uitvoere ook aansienlik laat toeneem het en dit was hoër as wat die verwagtinge in die mark was. Die kanola uitvoere vanaf Australië het ook 'n 12 maande hoogtepunt bereik met meeste van die kanola wat na die EU, VAE, en Japan verskeep was. **Plaaslik:** Die kanola aanplantings in die Weskaap is meestal voltooi en die produsente hoop vir goeie reën hierdie seisoen wat uiters noodsaaklik sal wees vir die produksie hierdie seisoen.

**Grondbone:** In die VSA is daar groot grondboon voorrade beskikbaar met die verwagting dat daar heelwat oordrag voorraad sal wees van die 2017 seisoen. Die nuwe seisoen aanplantings in die VSA was verlede week op 83% voltooi gerapporteer terwyl die produksie toestande op 59% goed tot uitstekend geskat was. Die vraag van plaaslike sojaboon verwerkers in die VSA is ook steeds nie groot nie en die ou seisoen voorrade skuif stadig. In Argentinië is die produksie toestande moeilik wat 'n negatiewe impak op die kwaliteit van die seisoen se produksie sal hê, alhoewel die kwaliteitsprobleme nog nie teen hierdie tyd van die seisoen bepaal kan word nie. **Plaaslik:** Plaaslik was die ook 'n moeilike seisoen vir grondboonproduksie en die produksie vir die seisoen is heelwat laer as wat aanvanklik verwag was. Daar is ook heelwat kwaliteitsprobleme hierdie seisoen met die plaaslike produksie.

**Vir enige navrae,** kontak asb: Luan van der Walt, E-pos: **luan@grainsa.co.za**

*Everything has been done to ensure the accuracy of this information, however Grain SA takes no responsibility for any losses or damage incurred due to the usage of this information.*